

Sing vooraf staande: Psalm 133:1 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Die Here Jesus Christus
deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 40:4 (p. 250).

Wet

Psalm 40:4 (p. 250)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

Skriflesing: 1 Johannes 4

Teks: 1 Johannes 4:8

Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.
(1 Johannes 4:8 AFR53)

Daar is 'n groot verskil tussen om met mense te kan saamleef en voor te gee dat jy vir hulle lief is, en ware liefde.

- Ware liefde ontstaan uit jou verbintenis en gemeenskap met God.
- Daarom is ware liefde altyd behoudend.

Mense met ware liefde in hulle binneste kan feitlik enige skok of teenstand oorkom en weer die gebreekte verhoudings met hulle naastes herstel en voortgaan met 'n verhouding met hulle waarvan die Here hou.

Die gedeelte wat ons saam gelees het stel twee belangrike feite:

- *Jy moet kennis van God hê en gemeenskap met God hê om werklik te kan liefhê.*
- *Iemand wat nie wedergebore is nie, kan nie liefhê nie. Ware liefde is gekoppel aan bewaring en aan lewe wat deur God geskenk word aan almal wat deur Hom wedergebore is sodat hulle in hulle liefdesverhoudings sy genade kan geniet.*

Die apostel Johannes is hier besig om deur middel van 'n tipiese Griekse redenaarstyl die saak van die liefde te preek. Hy het as teksvers Johannes 3:16 (die evangelie wat hy geskryf het):

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

Hierdie vers praat duidelik van die liefde, maar die oordeel is tog voelbaar in die agtergrond:

- Daar is mense wat verlore gaan, naamlik almal vir wie die Seun van God nie gekom het nie.
- Dieselfde twee elemente, naamlik oordeel en liefde (genade), word nou ook in die gedeelte in 1 Johannes 4 behandel.

Kyk net na die eerste ses verse. Daar begin Johannes al met die saak, want hy skryf dat die gemeente die geeste moet toets.

- Hulle moet luister na die mense se manier waarop hulle preek: As hulle die Here Jesus se liggaamlike verskyning nie bely nie, is hulle valse predikante.
- Dit raak ook die liefde, want 'n predikant wat met dwaalleer op die preekstoel klim, kan onder geen omstandighede daarop aanspraak maak dat hy sy gemeente liefhet nie, want hy weet dat hy oneerlik is met dit wat hy leer, en hy weet ook baie goed dat hy sy gemeente hel toe stuur as hulle sy valse prediking aanvaar.

Daarom staan dit baie duidelik in vers drie dat 'n predikant wat karring met die leer van die Here Jesus Christus die gees van die antichris in hom het.

- Maar nou moet u verstaan dat die mense vir wie die brief geskryf was, baie maklik kon dink dat net die predikante met die gees van die antichris besiel kan wees en dat hulle (as lidmate) dus doodveilig was.

Dit is waar die gedeelte oor die onderlinge liefde nou inpas. Elkeen kan homself nou toets:

- As sy liefdesverhoudings kortskiet aan die eise wat daaraan gestel word, dan is sy liefde nie uit God nie.
- God self is liefde. Hy is die Werker en Gewer van liefde.
- As jy dus ware liefde het, kan jy dit alleen by Hom kry – nêrens anders is daar by iemand anders die ware liefde te kry nie.

Liefde en geloof word deur hierdie teks aan mekaar verbind. Let ook op na die woorde:

... is uit God gebore ...

- Dit veronderstel die wedergeboorte – met ander woorde om deur God vernuut te wees.
- Enige vorm van liefde wat jy het buite God om, is dus geen liefde nie – dit is hoogstens die een of ander verkeerde namaaksel daarvan.

Dadelik staan jy voor die vraag: Het jou naasteliefde allerhande beperkings of voorwaardes of kan jy onvoorwaardelik liefhê? Kan jy liefhê soos God liefhet?

- Onthou ons is almal mense wat Hom letterlik verraaï het en wat in ons ongehoorsaamheid agter die duiwel aangeloop het.
- Met ons sondes maak ons die Here nog steeds elke dag kwaad – al is ons onder die genade van die Here Jesus Christus.

En tog verwerp God ons nie.

- Ons word elke dag deur God die Heilige Gees gelei.
- Hy bly met sy liefde oor ons geduldig – al het ons dit teen Hom.
- Hy verander nooit sy plan om ons by Hom in die hemel te hê nie – en in die hemel sal ons wees.

Het ons hierdie liefde van God? 'n Absolute en onveranderbare liefde?

Toets dit aan ons huwelikslewe, want daar behoort hierdie liefde die heel maklikste sy vrugte te wys.

- Hoe behandel jy as man jou vrou?
- Hoe dikwels is jy verbitter teenoor haar en hoe dikwels moet sy nie ook werklik ly onder jou eise en dikwels onredelikheid nie?
- Sou jy met 'n rein gewete hierdie liefde koppel aan God se liefde?

Die vrou staan in presies dieselfde situasie.

- Hoe dikwels word daar oor en weer nuus gedra oor die slegte mans wat ons het by vriendinne en by die familie – om dan net meer moeilikheid te hê as waarmee ons begin het.
- Is dit 'n liefde wat gekoppel word aan die heiligheid van God en aan kennis van Hom en sy Woord en die hiernamaals?

Ons kan nie verwag dat ons in die kerk kan kom preek oor gemeentelike verhoudings en dan spesifiek die liefdesverhoudings waarin ons saam met mekaar behoort te lewe in die gemeente as dit in sommige van ons huise nie met die liefde gaan soos wat God dit vra nie.

Maar kyk weer 'n keer na die baie belangrike saak wat hier staan: As jy nie reg kan liefhê nie, dan ken jy die Here ook nie.

- As jy verkeerd liefhet – dus op enige manier anders as wat God liefhet – dan mis jy gemeenskap met God.
- Dan is jou verhouding met die Here verkeerd en dan is jy beslis nie op pad hemel toe nie.

Dit staan baie uitdruklik hier geskryf. Hierdie teks ruk jou tot selfondersoek.

Ons kan onself baie maklik toets langs hierdie gedeelte. Dis nie so moeilik nie.

- Waar lê die haakplek in jou swak verhouding met sekere mense? Is dit jou humeurigheid of jou eie waan of jou selfsugtigheid?
- Dit moet so iets wees wat maak dat jy jousef op ander neerdruk en dan in 'n rusie verval as dit nie presies volgens jou eie wil gaan nie.
- Dan mis jy die dienende liefde van en aan God. En dit beteken dat jy nie soos die Here kan liefhê nie omdat jy Hom net doodgewoon nie ken nie.

Die ware kennis begin by wat jy van God weet. Die ware liefde begin dus uit respek vir God en uit vrees vir Hom, maar ook uit dankbaarheid vir sy liefde wat Hy aan ons gee.

As jy eers weet wie God is, sal jy dadelik besef dat God se liefde altyd baie styf vasgemaak is aan:

- sy wysheid,
- aan sy geregtigheid,
- aan sy almag, en
- aan sy beskouing van die waarheid.

Dit beteken maar net dat jou manier van liefhê ook binne hierdie spore moet loop.

- *Ware liefdesbetoon is dan om die gemeenskap wat jy met God beoefen en beleef, ook verder te dra.*

As jou liefde nie presies hiermee ooreenkom nie, het jy die verkeerde liefde.

- Daar is ook nooit 'n beter tyd om te begin om die saak reg te maak as onmiddellik nie.
- Die ware Christen se bekering bestaan juis daaruit dat hy die ou mens (dis sy sondes) afsterf en as 'n nuwe mens (met so min sondes as moontlik) verder lewe.

God se liefde was so dat Hy sy Seun gegee het om vir ons te kom sterf.

- Plaas uself elkeen nou in so 'n posisie soos wat God Hom geplaas het.
- Jy het net een kind, maar jy laat daardie kind vir wie jy so lief is, doodmaak sodat die ou wat jy haat, met jou vriende kan wees.
- Dis wat God vir jou gedoen het!

Daarom plaas die kruisdood van die Here Jesus Christus jou nie net in die kring van God se genade nie, maar ook in die kring van die wat moet luister na wat Hy sê en doen wat Hy gedoen wil hê.

Toets dus jou liefde aan jou kennis van God – of sou dit dalk meer waar wees om te sê:

- Toets jou kennis van jou God aan jou liefde, soos wat jy dit uitleef teenoor alle mense.
- Maar moenie moedeloos wees voordat jy begin nie. Jy is 'n sondaar, maar God gee aan jou sy liefde en alles wat daarmee saamgaan – geloof, geestelike krag, versoening van jou sondes met God (dus ook vergewing van sondes) en die ewige lewe.

Luister na God se Woord en die leiding van sy Heilige Gees met die doel om te leer en om bekeer te word sodat jy jou kan bekeer.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:10 (p. 369)

10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Die genade van die Here Die Here Jesus Christus en die liefde van God en die
gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 5 Mei 2013